DEEL 116 | WEEK 6 | 9 FEBRUARIE | 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Protea rolbal-legende skielik oorlede




Heilbron was Sondagoggend geskok met die nuus van die skielike afsterwe van Rudi Jacobs. Rudi, een van Rolbal Suid-Afrika se uitvoerende lede, is in sy slaap oorlede. Hy het Saterdagmiddag nog kompetisie op Heilbron gespeel en geen tekens van gesondheidsprobleme getoon nie.

Rudi was 'n Protea keurder en afrigter en sou nog die afgelope week van sy pligte nakom.

Tracy, eggenote van Rudi, vertel dat hulle Saterdag nog as parespan saamgespeel het en omstreeks 9 uur tuisgekom het. Daar was geen aanduidings dat hy sleg voel nie. Toe sy Sondagoggend sien hy het nog nie opgestaan nie, het sy hom aangeraak en gevoel hy was koud en dat hy nog net so gelê het soos toe hy gaan slaap het.

Rudi het as plaasseun grootgeword in 'n huis waar rolbal 'n geliefde sport was. Sy ouers, Hennie en Joey Jacobs, was baie aktief in rolbalkringe, veral in Kroonstad. Rudi was altyd saam op die baan en het vroeg reeds die spel onder die knie gekry. Hy het ook die natuurlike talent vir rolbal gehad. Sy talent is tydens SA kampioenskappe raakgesien en in 1997 is hy Proteakleure toegeken.

Rolbal het hom deur die hele wêreld geneem en hy het tydens vier Statebondspele goue, silwer en brons medaljes verower.

Dit was nog altyd sy droom om 'n SA rolbalkeurder en -afrigter te wees en het dit met sy heengaan beleef. Hy sou hierdie week en volgende week o.a. in George optree. Hy het die gawe gehad om met spelers en selfs in sy omgang met die publiek, nederig en lojaal op te tree en dit het hom baie geliefd gemaak.

Rudi is in 1983 getroud met Tracy wat self ook 'n provinsiale rolbalspeler is. Hulle het een dogter, Natassha en skoonseun Jurie Jonker, wat beide ook rolbal speel. Daar is drie kleinseuns wat seker ook gaan balle rol.

Die plaaslewe as 63 jarige man het hom bygebly en as personeellid van Van Lill Wolmakelaars was hy baie gewild waar hy skeerspanne geplaas het. Op die rolbalbane was hy altyd beskikbaar om met sy ligte brei-stem en glimlag met raad en daad aspirerende rolbalspelers by te staan om die spel te geniet.


Die herdenkingsdiens van Rudi vind Dinsdag, 13 Februarie om 11:00 plaas vanuit die NG Heilbron-Suid kerk.








# UIT DIE PEN:



Week 6

Ja, ek wonder vandag weer.

Dis vir my net merkwaardig tot by watter uiterstes mense sal gaan vir gierigheid. Ek staan verstom oor liggelowige mense. Meer geld. Kitsbevrediging. Rykwordskemas. Ongelukkig is ek te dom om te verduidelik hoe iets soos Krion (onthou jy dit: Marietjie Prinsloo is in 2010 vir 25 jaar tronk toe gestuur) of Sharemax of MTI gewerk het. Ek weet nie regtig of Sharemax onder dieselfde kam geskeer kan word nie. Vergewe tog as ek verkeerd is.

Onthou jy die vrotmelk skema van Adriaan Nieuwoudt? Ek was redelik klein toe ek van hierdie gou-rykword-skema by my vriende gehoor het. Van my maats se ouers het nuwe stellasies van staal gesweis om die koppies melk op te sit. Hulle had spesiale lepeltjies waarmee die boonste lagie van die vrot melk uitgeskep is. Iemand is aangestel om die goeters in klein koeverte te sit. Dit was next level hoe hulle aangegaan het. Alles net om vinnig geld te maak.

Ek vra toe my gryse ou pa hoekom ons nie ook in die vrotmelk belê nie?

My gryse ou pa het nie grade agter sy naam gehad nie. Maar hy was wys en slim

"My kind," het hy gesê, "daar is net een manier om ryk te word, en dis om hard te werk." Ons het maande daarna gehoor hoe mense hulle laaste spaargeld so verloor het.

Dit gebeur nou nog, die modus operandi het net effens verander. Mense laat hulle nog steeds met 'n slap riem vang wanneer hulle dink dat hulle gou gaan ryk word. Neem nou maar die bekende gryskopman wat as 'n "diamantmagnaat" bekend staan. Ja, dieselfde een wat soms in die bad, die stort en ander kere vanaf die porseleintroon preek (hoe gril ek nou). Dieselfde een wat mense op motiveringspraatjies uitmekaar vloek en homself 'n Christen noem. Goedgelowiges koop diamantpakkies en dan moet hulle wag totdat hierdie in die mark (wonder aan wie?) verkoop word. Beleggers deel dan in die wins. Altans, dis hoe ek dink dit werk.

Bogenoemde klink net nie vir my reg nie. Maar ander mense glo in dié sakeman asof dit evangelie is. Hy word geprys as die redder van die boervolk. Hy maak van mense arende, hoor ek. Die ander is hoenders. Die hoenders word uitgeskel en die arende word geprys.

Mense word opbrengste belowe wat goedgelowiges laat swymel. Toegegee, die kwasi-prediker waarsku soms dat "vennote" nie hulle laaste geld moet "belê" nie.

Daar is deesdae ander skemas ook wat tred hou met tegnologie. Ek het dit die eerste keer op Hudson & Rex gesien. Dis 'n Kanadese TV reeks met speurder Charlie Hudson en sy superslim Alsatian, Rex. Met een episode was daar 'n moordenaar wat 'n motor gesteel het. Toe die polisie die beeldmateriaal kry, is dit Hudson se kollega, die IT spesialis, Jesse Mills. Sy gesig pryk op die video, alhoewel hy nie naby die misdaadtoneel was nie. Later het dit geblyk dat die figuur op die beeldmateriaal nie diè was van Mills nie, maar 'n deep fake.

Ek is nie seker of daar 'n Afrikaanse term vir "deep fake" is nie. 'n Diepe vervalsing, dalk?

'n Deep fake is 'n video van 'n persoon waar skelms hulle gesigte of liggame digitaal verander sodat dit lyk of dit iemand anders is, gewoonlik om kwaadwillige of valse inligting te versprei. En om mense om die bos te lei. Die "iemand anders" is dan 'n bekende. Presies hoe dit gedoen word, is vir my, 'n totale leek, 'n raaisel. Klaarblyklik is daar sagteware daarvoor. Ons sien vir Karlien van Jaarsveld en Juanita du Plessis wat dieëtpille verkoop. Ons kyk na die twee se lywe, en ons wil ook so lyk. Deep fake. Ten spyte daarvan dat die twee persone op menige platform al ontken het dat hulle die medikasie verkoop.

Maar ons wonder heimlik of dit regtig help en skud die beursie om te probeer.

Ons sien vir Elon Musk wat beleggingsmoontlikhede adverteer. Dieper as deep fake kan dit nie kom nie. Belê R500 en kry binne twee maande R2 500 terug. So ook ander suksesvolle sakemanne. Ek meen: as dit vir hulle gewerk het, moet ek dit probeer. Kyk hoe ryk is hulle, ek wil dieselfde hê.

En trap karplaks binne-in dieselfde hoop beesmis. Dalk nie noodwendig mis van beeste nie, maar jy weet wat ek bedoel.

Terug by my wyse gryse ou pa: As dit te goed lyk om waar te wees, dan is dit.

Mense belê in sulke snert en huil snotterige trane in hulle voorskote wanneer hulle geld verloor. Hulle vertel hoe hulle ingedoen is, hoe hulle nou net duisende rande verloor het in 'n slenter. Dan wil ek weet: Hoe het jy niè geweet wat jy doen nie?

Dis dalk maar die stokou sonde van gierigheid. Om nie tevrede te wees met wat jy het nie, om nog en nog en nog te kry. Ek wonder hoekom mense so maklik met 'n slap riem gevang word wanneer daar geld ter sprake is? Ryk en arm maak dieselfde fout. Hoekom is mense so nonchalant daaroor?

Ek weet dat dit glad nie 'n in-ding is om te spaar vir jou oudag nie. Maar ek wil, eendag, in die verre verskiet, wanneer ek aftree, redelik gemaklik leef. Ek wil nie 'n toelae van die staat hê nie, en ook nie in 'n ry by die plaaslike kliniek gaan staan nie.

Ek waak jaloers oor 'n belegging. Voordat jy weer val vir een of ander skema, vra jouself: Wil jy jouself so indoen?

As die antwoord "ja" is, go forth and prosper.

Ek wonder nog steeds.

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

# Minimum Loon

## *Regering se begrip vir ekonomiese realiteite bevraagteken*

*• Vrystaat Landbou*

"Die 8.5% aanpassing van die van die Nasionale Minimum Loon, soos dit op 2 Februarie 2024 in die Staatskoerant gepubliseer is, is totaal en al uit voeling met die ekonomiese realiteite wat besighede ervaar en is aanduidend van die totale gebrek aan begrip oor die ekonomiese toestande in die land", sê Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou.

Wilken merk verder op dat werkgewers in die sektor redelike en billike lone aan werknemers ondersteun. Boerdery is geskoei op gesonde besigheidspraktyke waarby ingesluit is finansiële oorwegings ten opsigte van onder andere die beskikbaarheid van genoegsame middele om werknemers te vergoed. "Hierdie (weer) drastiese aanpassing van die nasionale minimum loon is nie net uit voeling met die ekonomiese realiteite nie, maar gaan ook 'n wesenlike las op die sektor plaas."

"Die landbousektor beskik oor die vermoë om werk te skep, iets wat die land op hierdie stadium werklik nodig het. Indien die 32% werkloosheidsyfer in ag geneem word, wil dit egter voorkom asof ekonomiese realiteite by die agterdeur uitgewaai het as daar na besluitnemers se optrede gekyk word. Ideologie en die besef dat die verkiesing waarskynlik meer van 'n tameletjie gaan wees as wat in vorige verkiesings die geval was, maak dat besluite eerder gefokus is op oorlewing by die stembus in teenstelling met die skep van 'n omgewing waarin besigheid kan floreer en kwessies soos werkloosheid en armoede effektief aangespreek kan word." meen Wilken.

Dit is kommerwekkend dat die Nasionale Minimum Loon Kommissie in die verslag wat betref voorgestelde aanpassings aan die minimum loon, 'n belangrike oorweging soos produktiwiteit, iets waarvoor Suid-Afrika se arbeidsmark weens die verkeerde redes voor bekend is, nie van melding maak nie. Die effek van 'n onoordeelkundige minimum loon aanpassing kan 'n verdere rimpel effek op indiensneming hê, terwyl verdere werksverliese nie buite rekening gelaat word nie.

# "Ouditverslag: Skokfeite weer ontbloot"

"Die jongste opinie van die Ouditeur-generaal (OG) bevestig skokkende Inligting," sê Raadslid Phillip van der Merwe, Koukusleier van die Vryheidsfront Plus (VF+). Die opinie, tesame met die finansiële jaarstate, vorm deel van die munisipale Jaarverslag wat op 31 Januarie in Ngwathe se Stadsaal ter tafel gelê is.

"Dit blyk die munisipaliteit se totale laste oorskry sy totale bates (soos op 30 Junie 2023) met R192 miljoen, terwyl bedryfslaste die huidige bates met R1.85 miljard oorskry het. Die groot laste was Eskom-skuld (R1.78 Miljard) en skuld aan die departement water en sanitasie (W&S) van R166 miljoen. Die OG sê dit dui daarop dis wesenlik onseker of die munisipaliteit as lopende onderneming sal kan voortbestaan.

Die verslag onthul dat die munisipaliteit nie beskik oor betroubare inligting vir water en elektrisiteitsverbruik nie, en gevolglik nie akkurate verbruik skattings kon doen waar nodig nie. Voorsienings van R276m in die state kon nie bevestig word nie. Talle verbruikers is ooreenkomstig vir foutiewe tariefskale aangeslaan terwyl ander glad nie aangeslaan was nie. Daar was dus 'n onderverhaling van R37,6 miljoen.

"Die tendens duur voort in die huidige finansiële jaar," meen raadslid Van der Merwe. Die Eskom-skuld het die afgelope ses maande gegroei na R2 miljard. Dis 'n astronomiese R187 miljoen oftewel R31miljoen per maand. Totale krediteure het gegroei tot R2.36 miljard.

"Mens begryp die OG se kommer oor Ngwathe se voortbestaan."

# BRIEWE VAN ONS LESERS

## *Dankie aan Huis Bron-van-Heil personeel*

*Die volgende skrywe is ontvang van Attie du Plooy gerig aan die Redakteur.*

Daar kom 'n tyd om tot stilstand te kom en hulde en dank te bring aan die mense na aan ons wat vir ons goed en dierbaar is. Nou is die tyd.

Vir die afgelope ongeveer 3 maande was ek intens betrokke by die ouetehuis as gevolg van omstandighede buite my beheer. Daar was selfs kere dat dit byna noodgevalle geraak het.

Wat ek ervaar het van die personeel, elke verpleegster, elke suster, elke werker, ongeag die tyd van die dag of nag, was pure deernis en 'n bereidwilligheid om met liefde alles in hulle vermoë te doen om te help. Nie vir my nie. Vir my Ma. Ek glo egter ook vir elke inwoner van die ouetehuis. Geen uitsonderings nie.

Dit is opmerklik dat weinig vir Betsie en haar personeel te veel gevra is om te doen. Bereidwilligheid om te help en te versorg is deel van hulle wese en dit het ek eerstehands ervaar en beleef.

Ek wil graag, werklik uit my hart uit, vir julle dankie sê vir al julle opofferinge en diens wat julle lewer aan die inwoners van die ouetehuis. Dankie vir julle onbaatsugtige omgee en liefde. Ek weet en besef maar alte goed dat dit somtyds glad nie maklik is om met mense te werk nie. Wat ek egter beleef het, en steeds beleef, spreek van ongekende liefde en deernis ten spyte daarvan dat mense somtyds moeilik is.

Name kan ek nie noem nie want ieder en elk van julle is spesiaal. Baie baie dankie aan julle. Weet maar julle, en wat julle doen, word waardeer.


Mense met geliefdes wat in die ouetehuis bly kan met geruste harte weet dat hulle geliefdes versorg is.

John Wesley het gesê: "Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can."

Wat ek ervaar het is dit juis dìt wat julle doen. Dankie.


*Vertroue in ons toekoms*
WANT SAAM
STAP ONS DIE PAD
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid – alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Vir julle vertroue in die toekoms, vir julle vertroue in ons. Dankie.
Skandeer die kode en sluit aan by die BKB Lewendehawe Whatsapp groep
Vir wol- en veilingsnavrae:
Deon Stegmann 079 878 2109
BKB Bemarker, Frankfort, Vrede, Cornelia, Roadside
www.bkb.co.za
50
BKB
#VolhoubaarheidGeïnternaliseer
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING
#GeïntegreerdeIntegriteit

# INSPIRASIE RESEPTE




Pain Perdu or French toast is one of those breakfast items that any good cook should have in their repertoire. It's always a crowd or family pleaser. You can make it sweet or savoury, it can go both ways and the toppings can be adjusted to your liking.

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 20 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the Pain perdu**
8 slices thick-cut white bread/raisin bread/sweet bread
2 cups milk
2 cups cream
8 large eggs
½ cup granulated sugar
4 tablespoons cooking brandy
4 teaspoons vanilla extract
Zest of 1 orange
Pinch of salt
6 Small knobs of butter

**Method for the Pain Perdu**
Whisk together the milk, cream, eggs, sugar, cooking brandy, and vanilla extract. Now add the salt, and orange zest and mix well. Pour your egg custard into a deep plate or flat bowl.

Heat a nonstick pan over medium heat and add 1 knob of butter. Heat until butter is melted. Now dip a slice of bread into the custard mixture on both sides, letting it soak for 5 seconds at a time on each side. Now remove carefully and place the slice in the warm pan. Increase the heat and fry for 2 minutes on each side until golden brown.

Remove and keep warm in a 60-degree oven until serving. Repeat the process until all the bread is done.

**How to serve**
Cut your toast into triangles and then lightly dust them with cinnamon sugar and serve with whipped cream and fresh berries.
Or
Served with crispy bacon, fresh slices of banana and drizzled with maple syrup.
Or
Serve with salted caramel and fresh orange segments, dusted with icing sugar.
Or
Top with two fried eggs, crispy bacon, grated cheddar, and tomato sauce.
Enjoy!







## Morsjors tel jou papiere op



*'n Onlangse toename in die afgooi van vullis op die hoek van die ou CVO-skool veroorsaak kommer onder die inwoners van ons dorp. Die personeel van die skool werk hard om die skoolterrein en omgewing netjies te hou, maar hulle stryd word bemoeilik deur die konstante vullisstorting. Dit is 'n saak van trots vir ons gemeenskap om ons omgewing te onderhou en te bewaar, en ons kan nie toelaat dat 'n paar onverantwoordelike individue hierdie beginsel vernietig nie. Inwoners word dringend versoek om betrokke te raak en hul vullis op 'n behoorlike en verantwoordelike manier te verwyder.*




# Huppel Trippel krap kop oor kossake



'n Paar van die 47 slimkoppe wat kom deelneem het aan die Kos-vasvra wat Dinsdag-oggend aangebied is, het hulle soos altyd uitstekend van hulle taak gekwyt. Kyk bietjie hoe jy sou gevaar het: Waarvan word meboskonfyt gemaak? Wat is die gewildste nie-alkoholiese drank ter wêreld? Watter soort vis is 'n bokkom? Dit was drie van die vrae wat hulle moes beantwoord...en reg gekry het! Op 20 Februarie DV vier ons Valentynsdag met 'n 'float' onder die koeltebome in die tuin. Onthou gerus dat jy welkom is om te kom kettie skiet (kontak vir Flip Fourie) of jukskei speel (kontak vir Sharky Kühn). Dit is gratis; en ketties en albasters en jukskeie word voorsien. Kom ons bevorder hierdie tradisioneel Suid Afrikaanse sportsoorte. As ons dit nie beoefen nie, kan ons mos nie kla as dit doodloop nie.



# Krieketklubs meet kragte hierdie Saterdag



Heilbron Krieketspan staan gereed vir 'n opwindende stryd teen Vanderbijlpark hierdie naweek op die Hoërskool Heilbron se veld. Die T 35-wedstryd sal afskop om 13:00 en alle krieketliefhebbers word hartlik uitgenooi om die span te kom ondersteun. Daar sal 'n gesellige atmosfeer wees met die geleentheid om te kom braai en te kuier langs die veld.

**Die span wat die veld gaan betree, lyk soos volg:**

1. Irfan Arshad, 2. KB Molefe
3. Danie Riechardt, 4. Juan Botha
5. Armand Smit (UC)
6. Pieter Bronkhorst (C)
7. Pieter Buitendag
8. Pieter Baan (WK), 9. Gideon Swart
10. Waldo Steyn, 11. Theuns Botha
12. Anthony Best, 13. Jeandre Earle

Die Heilbron Krieketklub wil ook graag hul dank uitspreek aan Danie Riechardt vir sy borgskap vir die nuwe hek wat geïnstalleer is by die Hoërskool Heilbron se krieketveld. Hierdie bydrae het die toegang tot die nette en veld aansienlik vergemaklik en word opreg waardeer.

Volgende Saterdag wag 'n verdere uitdaging vir die Heilbron-span wanneer hulle teen Rust Ter Vaal speel in Vereeniging. Dit beloof om 'n opwindende wedstryd te wees en die span hoop om weer die ondersteuning van hul getroue ondersteuners te geniet.



# Meer as 100 lewens gered deur Heilbron gemeenskap

SANBS wil graag die Heilbron gemeenskap hartlik bedank vir hul ondersteuning met die gemeenskap bloedskenk-veldtog op Dinsdag 30 Januarie. 52 skenkers het die dag ondersteun.

SANBS wil graag die Heilbron gemeenskap aanmoedig om soveel as 4 keer 'n jaar bloed te skenk. Jou bloed red lewens!

Die volgende datum om bloed te skenk is 26 Maart by die NG Suid Kerksaal vanaf 13h00 tot 19h00.

# Hoërskool Reitz atlete presteer




























# Gesteelde goedere word moontlik by tweedehandse winkels verkoop

Inwoners van Heilbron is keelvol vir die toenemende plaag van diefstal wat die gemeenskap teister. Onlangse berigte dui op 'n golf van diefstal van grassnyers en tuingereedskap voete kry. Die bewering dat dwelmgebruikers agter hierdie misdade is, word gereeld gehoor. Inwoners is bekommerd dat die gesteelde goedere moontlik by tweedehandse winkels verkoop kan word, wat die probleem verder vererger. Die onlangse ervaring van Herman Bam, wat sy gesteelde grassnyer toevallig by 'n tweedehandse winkel langs Roos Meubels gevind het, is 'n illustrasie van die uitdagings waarmee die gemeenskap te kampe het. Nadat hy besef het dat 'n nuwe grassnyer buite sy begroting val, het hy na alternatiewe begin soek. Dit is toe dat hy by 'n tweedehandse winkel sy eie grassnyer gesien het. Met vasberadenheid het Herman die nodige inligting ingewin en 'n saak by die polisie aanhangig gemaak. Die grassnyer was gekoop deur die tweedhanse winkel vir 'n verstommende R200.00. Die reaksie van die tweedehandse winkels was hulpvaardig. Alhoewel hulle beweer hulle almal se ID dokumente vra, het hulle nie 'n registerboek nie, maar beweer dat almal se inligting wel op die faktuurboek is. Die eienaar van nog 'n tweedhanse winkel, Pieter Groenewald, verseker die gemeenskap dat hulle alle vereistes nakom en gereeld saamwerk met die polisie. Die regsbeginsels in hierdie situasie word deur prokureur Jannie Jansen uitgelig, wat benadruk dat die eienaar van 'n gesteelde item reg het om van enige iemand hul goedere terug te eis, mits daar voldoende identifiserende inligting en bewyse is. Dit is 'n belangrike punt vir die gemeenskap om te verstaan, aangesien dit beteken dat hulle nie noodwendig hul eie gesteelde items hoef terug te koop nie, selfs nadat 'n skuldige bevind is.


Heilbronners word aangemoedig om waaksaam te bly en om mekaar te ondersteun. Verdagte aktiwiteite moet onmiddellik aan die polisie gerapporteer word, terwyl die gemeenskap saamwerk om diefstal te voorkom en die veiligheid van almal te verseker.






# Nuwe Suster by Platteland Apteek

Platteland Apteek het onlangs 'n nuwe byvoeging tot hul span gekry. Elandi Bronkhorst is aangestel as die nuwe bekwame suster by Platteland Apteek. Bronkhorst het haar opleiding ontvang aan die Universiteit van die Vrystaat en bring 'n rykdom van kennis en ervaring na die apteek.



Die Bronkhorst-gesin het onlangs van Leeudoringsstad na Heilbron verhuis, nadat haar man Pieter Bronkhorst oorgeplaas in na Heilbron VKB.

Elandi Bronkhorst sal elke Dinsdag en Donderdag tot 12:00 by die apteek beskikbaar wees om bystand te verleen aan alle pasiënte. Sy bring 'n passie vir die gesondheid van die gemeenskap saam met haar en is gereed om haar vaardighede aan te wend om die inwoners te help.

Platteland Apteek bied 'n verskeidenheid toetse aan wat die nuwe suster sal ondersteun in haar werk. Hierdie sluit in gratis bloeddruktoetse wat 'n belangrike deel van die gesondheidsdiens vorm. Die apteek moedig almal in die gemeenskap aan om van hierdie gratis dienste gebruik te maak.

Of jy nou 'n gesondheidsvraag het of net 'n vriendelike gesig nodig het, besoek gerus Platteland Apteek vir professionele en vinnige diens. Platteland Apteek verwelkom die Bronkhorst-gesin hartlik en sien uit daarna om saam te werk om die gemeenskap se gesondheid te bevorder.

## NGWATHE MUNICIPALITY(FS203)

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF 2024-2029 VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given, in terms of Section 49 (1) (a)(i) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the valuation roll for the financial years 1 July 2024 to 30 June 2029 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period 05 February 2024 to 31 May 2024, Monday to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas for public inspection:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | Customer Care Office: Tumahole | Customer Care Office: Phiritona MPCC office | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | Customer Care Office: Ngwathe |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk: Thusong and Schonkenville Library | Help desk: Phiritona and Sandersville Library | Help desk: Vredeshoop Library | Help desk: Kwakwatsi Library | Help desk: Ngwathe Library |

**In addition, the valuation roll will be available at website: www.ngwathe.fs.gov.za**

An invitation is hereby made in terms of Section 49 (1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipality Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all municipal Customer Care desk. The public is hereby notified that all Objections done against Valuation Roll and is after legislated period an amount of R997.00 for 2023/2024 is payable and non-refundable. Thereafter a new tariff for the next financial years will be applicable as determined by Council.

**The completed form/s must be returned to:**

Municipal Manager

Ngwathe Local Municipality

Valuation Roll

P.O. Box 359
Parys
9585

Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Cares Offices

For enquiries lease contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700 or (056) 816 2742, email: valuations@ngwathe.co.za

Acting Municipal Manager

T Manele

# KENNISGEWINGS

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 011729/2021
**Surname:** Kriel
**First Names:** Christina Susanna
**ID Number:** 340213 0001089
**Last Address:** Huis Silwerjare, 1 De Wet Street, PETRUS STEYN, 9640
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Reitz
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Prof De Crom
**Advertiser Address:** c/o 993 Swartbaars Street, Garsfontein X11, 0081
**Advertiser E-mail:** gr@mpti.co.za
**Date Submitted:** 2024-01-29
Tel: 082 497 0044
**Publication in the Government Gazette on:** 2024-02-09

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **MOKONE**
First names: **MASETSOPI MONICA**
Estate number: **2755/2022**
Identity/passport number: **531124 0680 088**
Date of death: **30/01/2022**
Last address: **ERF 1311, KWAKWATSI, KOPPIES**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**Ref:**
**DATE SUBMITTED: 2024/01/29**
**PUBLICATION ON: 2024/02/09**






## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer TE 7028/2004** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**MAMA MARIA MOTAUNG**
**Identity number: 281223 0117 083 Unmarried**
In respect of:
**ERF 145 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 555 (FIVE HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER TE 7028/2004,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this
9th day of FEBRUARY 2024.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**Ref: MOT90/0001/JHJ/mp**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Ownership of
**TE 22039/1994 passed by**
**TOWN COUNCIL OF PHIRITONA**
In favour of
**JOHANNES MOKADI**
**Identity number: 240909 5164 084 Unmarried**
In respect of:
**ERF 82 PHIRITONA, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 703 (SEVEN HUNDRED AND THREE)** square metres
**HELD BY CERTIFICATE OF OWNERSHIP OF TE 22039/1994,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this 9th day of February 2024
**JOHANNES HENDRIK JANSEN CONVEYANCER JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**MOK6/0002/JHJ/mp**

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T 7133/2023** passed by **LUCKYBOY MOKOENA** in favour of **NAKO PIET RADEBE** and **DINKENG FRANCINA RADEBE** in respect of certain **ERF 230, KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies 5 February 2024.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**PO BOX 21, KOPPIES, 9540**
**Tel: 056 777 1884**

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***






Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# TE HUUR

**HUIS TE HUUR MIDDEDORP**
3 Slaapkamerhuis met dubbel-geriewe, dadelik beskikbaar.
**Skakel**
**084 257 6745**




## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*




HERALD Sport

# Boereliga 2024



WENSPAN: Freddie Rochat, Jaco Hendriks, Rohan Muller en Christiaan Els.



TWEEDE: Alzan Myburgh, Willie Matthee, Fouche en Simon Germishuys.





Die sosiale liga wat oor 3 Donderdae gestrek het, het na 3 weke se balle rol en lekker eet en kuier, tot 'n einde gekom. Rolbal uit die boonste sowel as uit die onderste rakke het die toeskouers vermaak. Die span van Moedersdeel 2 het geseëvier met 'n skrale 14 punte voor die naaste teenstanders, Kliprivier, wat ewe goeie rolbal opgedis het. Hier en daar het van die spanne se gereelde spelers ander verpligtinge gehad, maar die plaasvervangers het hulle goed van hul taak gekwyt. Heilbron Rolbalklub spreek hul opregte dank uit teenoor almal vir hulle ondersteuning. Dit is die klub se poging om die fasiliteit vir die dorp in stand te hou.

Die afgelope naweek het Hannalie Claassen, Sonja Muller en RJ Muller NFS verteenwoordig waar hulle kragte gemeet het teen Noord-Wes te Klerksdorp.

Dit is met groot hartseer dat ons van ons geliefde Rudi Jacobs se afsterwe moes verneem. Hy gaan voorwaar 'n leemte laat met sy teenwoordigheid, afrigting en die kennis wat hy van rolbal gehad het. Rudi was genooi om aan die SA Meesters deel te neem wat Vrydag 9 Maart 2024 in Pretoria sou afskop. In 2023 het hy die silwermedalje verower en sou hy vanjaar vir die Goud gespeel het. Ons harte gaan uit na sy familie.

HEILBRON GHOLFKLUB
HBA
HEILBRON ABATTOIR
The Butchers Choice
MAANDBEKER
FEBRUARIE 2024
HEILBRON GHOLFKLUB
10 Februarie 2024
Afslaan 10:30
Medal Formaat
Slegs Lede
R250 Inskrywing

Valentynsdag
Woensdag 14 Februarie
HEILBRON GHOLFKLUB
Host your SPECIAL EVENT at our Club Hall
For Only R1500
Cutlery, Cash Bar Tables & Chairs are included
Enquiries Can be made at Club Or WhatsApp 082 940 3183

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451



Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG- 12 FEBRUARIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

DINSDAG - 13 FEBRUARIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

WOENSDAG - 14 FEBRUARIE 2024
STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
HELBRON BONSMARA VEILING & LOUISE DOHNE MERINO STOET
11:00, plaas Cannossa
Kontak Jan Hendrik Claassen 074 490 5451

DONDERDAG - 15 FEBRUARIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
REITZ: NICO KRIEK & VRIENDE
416 Rooi aanteelbeeste
11:00, plaas Welgeluk
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

VRYDAG - 16 FEBRUARIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 17 FEBRUARIE 2024
NOORD-WES DORMER KLUB
11:00, Potchefstroom
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071